Gwendolene Rodrigues

Ek is 'n eerstejaar-student by die Universiteit van Stellenbosch. Ek studeer LLB (vierjarig). Dit was aan die begin baie moeilik om aan te pas, want skool berei jou glad nie voor vir Universiteit lewe nie. Alles is onbekend aan my, maar ek probeer daagliks om by te hou en sodoende ook my beste te gee. Die vriende wat ek ontmoet het help in 'n mate deur ons koppe saam te span en 'n probleem op te los. Nogtans geniet ek elke oomblik op kampus, want dit is 'n voorreg om daar te wees en ook om daagliks nuwe dinge te leer. Ek glo dat dit net beter sal gaan indien ek voorthou met my werk, alles insit en goed doen, want ek studeer immers LLB (law) waarvoor ek 'n passie het!